**Sondag 24 Desember**
**Skrifgedeelte: Lukas 2:10-12; 24:12, 36-47**
**Fokusgedeelte: Lukas 24:46, 47**
**Die wonder van lewe uit die dood**

Babas en lyke is destyds op dieselfde manier in doeke (=verbande) toegedraai. Die swak lyfie van ’n pasgebore baba is versterk deur hom soos ’n mummie in doeke (verbande) vas te wikkel. Die teken van die geboorte van die Verlosser is ’n kindjie wat in doeke toegedraai is. Die teken van die oorwinning van die Verlosser was die leë doeke wat in die graf agtergelaat is. Krip en graf is onlosmaaklik met mekaar verbind. As ons met Kersfees nie die wonder van Paasfees in die oog hou nie, is die fees sinloos.

Die Seun van God wat deur die maagd mens geword het, het in sy mensheid as Verlosser die oordeel van God gedra en daarna as Oorwinnaar uit die graf opgestaan. Dit is alleen omdat Hy waarlik uit die dood opgestaan het dat bekering en vergewing van sondes aan die wêreld verkondig kan word. Daar is geen hoop in sentimentele idees wat geïnspireer word deur die geboorte van ’n skattige baba nie. Die mens se enigste hoop is in die ware Verlosser wat gesterf het en opgestaan het en werklik leef en regeer. Hy is nie ’n mooi idee nie, maar ’n lewende werklikheid. Ja, Hy leef waarlik. Sy verheerlikte liggaam bestaan regtig.

Die wonder van lewe uit die dood is ook vir jou waar as jy in Hom glo. Die Here Jesus het nie net jou siel losgekoop nie, maar ook jou liggaam. Ons word verseker dat ons ewig saam met Hom met verheerlikte liggame sal leef op die nuwe aarde.

Jou liggaam is vir God belangrik. Dien Hom daarom ook met jou liggaam.

*Sing: Psalm 116-1:5*

*Ds. HB Hattingh (Bernard) (Warmbad)*